

15 November

Skrifgedeelte: Johannes 20:19-25

Fokusgedeelte: Johannes 20:19, 21 (1933/53- en 1983-vertaling)

Die vrede van Christus verdryf alle vrees

Die dissipels was as't ware soos 'n groepie ter dood veroordeelde gevangenes in 'n pikdonker dodesel. Die enigste verwagting wat nog vir hulle oorgebly het, was die geluid van die naderende voetstappe van die laksman en die geknars van die sleutel in die slot. Aan die deurkosyn van daardie huis waarin hulle bymekaar was, kon hulle netsowel 'n bordjie opgehang het met die inskripsie: *"As jy hier wil inkom, moet jy bereid wees om alle hoop te laat vaar."* Want Jesus is gekruisig! Hy is dood!

Terwyl hulle daar in die bo-vertrek probeer sin maak het van wat alles gebeur het, vind die allerheerlikste wonder plaas. Op 'n ongewone, wonderbaarlike wyse het die Here die huis ingekom en voor hulle gaan staan. Geen deur of muur of slot kon die opgestane Koning keer nie. Dan hoor ons van die heel mooiste woorde in die hele Bybel: *"Vrede vir julle!"*

Wanneer Jesus dan so voor hulle staan en met deernis en liefde na hulle kyk, dan weet Hy wat hulle die nodigste het. Ja, hulle mis nog die vrede, die enigste ware vrede, sy vrede! Voor sy dood was dit maar 'n belofte, maar nou kan en wil Hy dit met hulle deel. Nou dra Hy aan sy verheerlikte liggaam die tekens van die wonde wat die vrede gebring het. Op Golgota het Hy as Vredevoers die gelowiges met God versoen, vir hulle sondes gesterf en so die vrede tussen God en mens herstel. En juis daarom kon Hy uitroep: Dit is volbring! Want nou was die prys betaal en sy vredeswerk afgehandel.

As die Prins van Vrede het Christus aan die kruis die sonde en Satan oorwin. Hy het met sy dood en opstanding die graf oopgebreek en daardie Sondagoggend as Oorwinnaar uit die stryd getree. Nou moes Hy nog net as die Triomferende Koning opvaar om sy ereplek langs die Vader weer in te neem. Maar voordat dit kon gebeur, moes sy gemeente, sy volgelinge, sy dissipels éérs hierdie vrede ontvang! Moes hulle eers self glo dat Hy hulle ewige Koning en Here is. En daarom bring Christus hulle tot geloof en oortuig Hy hulle deur sy wonde en spreek Hy sy seën oor hulle uit.

Daardie seën het die verskil gemaak. Ja, die vrede het Hy deur sy Heilige Gees in hulle harte gelê. En alleen sy Gees, alleen sy teenwoordigheid in hulle, kon die vrees en twyfel en ontsteltenis verdryf en verban. Alleen sy Heilige Gees kon weer hulle harte sterk maak en hulle met innerlike gemoedsrus en geloofsvertroue vervul. Meer nog, Christus se vrede het hulle *"onmiddellik bly gemaak"*. Toe hulle die Here erken vir Wie Hy werklik is, toe hulle die krag van sy Gees in hulle harte ervaar – toe verander hulle trane in blydschap.

Het die Here nie ook dit voor sy dood aan hulle belowe nie? Ja, in Johannes 16:16 e.v. hoor ons Hom aan hulle sê: *"Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien ... Dit verseker Ek julle: Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in blydschap verander."*

En ons, geliefdes? Wat van u en my? Het ons nie ook hierdie selfde vrede, hierdie nuwe lewe, hierdie lewende hoop as erfenis van die Here ontvang nie? Die vraag is nou: Wat maak ons met hierdie seën? Aanvaar ons dit? Maak ons dit deel van ons toerusting? Leef ons dit uit? Bring dit vir ons troos en blydschap?

Jesus het sy dissipels, sy kerk, vir u en vir my uitgestuur om met sy seën te gaan werk. Te gaan werk waar Hy deur sy Heilige Gees aan die werk is. Voor ons lê 'n vyandige wêreld wat niks van die Koning wil weet nie – wat moet ons doen? Onself uit vrees toesluit, afsonder, ons deure sluit? Nee, Christus se vrede, sy krag moet ons aanspoor en dryf om sy koninkryk te bevorder.

Sing: Psalm 68:1, 2 (1936)

Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)